Derde uitgawe
2018

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte–Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewebus / Vra is vry	2
Vergadering 5 Mei	5
Terugvoering	19
Vergadering van 2 Junie	20
Kalender	25
Snippets	26
Reklame	27
Sorg skedule	28

Van die redakteur

Beste Bonsai Vriende

Ons lewe in 'n tyd waar baie dinge gaan oor vinnige oplossings. Die spreekwoord: "Tyd is geld" is so waar vir baie van ons. Ons moet so vining moontlik werk want dan maak ons, of die firma waar ons werk, meer geld. Ons het "drive through" plekke waar ons wegneem etes kan koop sonder om eers uit ons motors te klim. As ons olik voel verwag ons die medisyne wat ons gebruik moet sommer dadelik werk. So kan mens baie ander dinge ook noem.

En dan wil ons dit ook dikwels op ons bonsai toepas. Ek lees gereeld op sosiale media dat daar so maklik aanbeveel word dat gegryp moet word na een of ander insekdoder as daar net 'n ou goggatjie op 'n boom bespeur is. Nooit lees ek van ander raad, soos om self jou hande 'vuil' te maak en iets aan die saak te doen nie. Hierdie is 'n stil tyd van die jaar sover dit bonsai aangaan en ons kan gerus voorkomend voor die somer optree.

Tel al die herfsblare wat val op, baie goggas kan daar skuil. Verwyder onkruid in jou potte en in die omgewing van jou bome. Kyk uit vir luise en ander insekte en verwyder hulle met jou hand of 'n 'tweezer". Borsel los bas van die boom se stam ('n ou tandeborsel is handig) waar goggas oorwinter. Lig jou bome op en kyk of daar nie goggas onder die potte wegkruip om te oorwinter nie.

Ons kan lekker besig bly sonder om die insekdoder te gryp, en kan sommer elke boom bekyk en beplan wat jy met hom gaan maak as die lente kom.

Jaco

Tomorrow is often the busiest day of the week.

Briewebus / Vra is Vry

Van tyd tot tyd moet mens bietjie orde skep. So het ek onlangs na die adreslyste gekyk na wie ek almal e-posse stuur. Daar was/is 366 adresse op die lys. Ek weet dat mense verhuis het, oorlede is of nie meer bonsai doen nie en so het ek aan meeste die vraag gevra of hulle nog op my lys wil wees en die inligting ontvang. Baie van julle sal daarvan weet omdat jy so 'n e-pos gekry het.

Hi Jaco,

Baie dankie vir jou e-pos, - en ja, ek sal dit baie graag steeds wil ontvang, indien moontlik.

Ek het verhuis en kan ongelukkig nie aktief by die klub betrokke wees nie, maar het ontsettend baie goeie herinneringe aan Pretoria Bonsai klub.

Dit het eintlik reeds in 1982 begin, by PTA Universiteit, toe ek mense soos Oom Theuns, Charles, Edwin, John Lynch, Louis Nel en Hank Miller ontmoet het en vir BAIE jare lid van die klub was. Ek het ook geweldige waardering vir die Koeda wat jy uitgee en voel dit amper asof ek steeds "baie naby aan die huis is".

Baie dankie Jaco, - met waardering vir al jou moeite.

Groete

Pieter Opperman

Goeie môre Jaco,

Alhoewel ek nie deel van die kai is nie geniet ek julle nuusbriewwe geweldig. Ek speel ook met bonsai's en is meer in die Apie- en Swart Apiesbome in, so as dit nie teen julle reëls is nie, sal ek graag nog nuusbriewe wil ontvang.

Baie dankie vir al die wat ek reeds ontvang het.

Groete

Dirk Wolmarans

Briewebus / Vra is Vry

Beste Jaco en lede van Pretoria Bonsai Kai

Ek het oor die laaste paar jaar betrokke geraak met my kinders se buitemuurse aktiwiteite en ek is baie trots op hulle. Albei het gevorder tot provinsiale kleure in hulle sportsoorte, maar dit vat baie ure se sit langs die oefenvelde en sale, baie van dit oor naweke, maar ek is gelukkig om op die manier daaraan deel te kan hê. Gevolglik moes ek wegraak van die klub, maar ek belowe, dis net tydelik. Die nuusbriewe oor vergaderings en veral die Koeda is ‘n hoogtepunt, dis ‘n dun maar baie belangrike draad wat my op ‘n manier steeds met die klub verbind en laat voel dat ek nie op my eie aangaan met my bome nie. Ek waardeer dit baie dat ek steeds hierdie kommunikasie van julle af kry en in al die lief en leed van die klub kan meemaak en self nuwe dinge lees en leer. Ek sien daarna uit om te kom kuier en weer op ‘n meer gereelde manier deel van die vergadering te wees. Tot dan vra ek dat jy asseblief my groete en beste wense aan almal sal oordra.

Sterkte met die klub en Koeda,

Otto Koekemoer

Haai Jaco

Ek en Rhalda het eendag op uitnodiging van wyle Charles 'n byeenkoms bygewoon, maar dit is net te ver vir ons om te ry. Ons kry graag die inligting, want dan kan ons hoor van julle uitstallings en-sovoorts, wat ons al bygewoon het. Indien jy voel dis onbillik om aan nie-lede van die inligting te verskaf, dan moet jy maar dit staak. Dit sal jammer wees. Maar as jy nie omgee om ons naam op die lys te hou nie, ontvang ons graag die nuusbriewe.

Groetnis

Johan van Heerden

Jaco

Hi.
Dankie ja. Ek wil graag join maar ek moet Saterdae werk so om active lid te wees is bietjie moeilik.
Omdat julle my al die tyd so mooi betrek het, dink ek ek moet sommer net join en klaar kry. Ek betaal vandag lidmaatskap geld vir my famile (vrou Corné en seun Andreas).
Wie weet, ek vind dalk ’n way om deel te neem. Wil vreeslik graag ’n dig meemaak.

Baie dankie vir die mails al die jare. Ek kan gewoonlik nie wag nie.

Ek's darem nog aktief besig met my bome.

Weereens Dankie. Moet my asb nie drop nie. Bonsai is ’n groot deel van my lewe.

Andre Barnard

Briewebus / Vra is Vry

Hi Jaco,

Ek lees graag julle nuusbriewe so as dit nie te veel gevra is nie, sal ek waardeer as jy my op die verspreidingslys hou!

Pretoria Bonsai Kai het darem 'n groot aandeel in die ontstaan/bestaan van Nelspruit Bonsai Kai gehad en mens moet nooit jou "roots" vergeet nie…

Groete

Tola (Nelspruit Bonsai Kai)

Hello Jaco,

I enjoy your mails as it keeps me up to date with Bonsai in RSA. So please I would like to continue receiving them.

Kind Regards

Duncan Wiles

Middag Jaco

Ek lees gereeld jou nuusbriewe. Ek is egter nie meer 'n lid nie, maar is nog baie besig met my bome. Ek was vir omtrent 12 jaar 'n lid van die klub.
Ek sal waarskynlik weer wil lid word. Ek het so 80 bome en geniet die stok-perdjie terdeë.

Groete
Jan Vosloo

Jaco,

Ja, ek stel steeds belang in enige inligting oor die Kai en pleit skuldig dat my ledegeld agterstallig geraak het. Ek het geen goeie verskoning anders as blote onverskilligheid nie. Ek stuur dit dadelik.

Ek geniet steeds inligting oor die werksaamhede, veral die Koeda wat ek verslind, maar bestuur glad nie meer self nie en het nie die vrymoedigheid om steeds op iemand anders te leun nie, ook nie my vrou wat self nie graag wil rondry nie.

Ek geniet steeds my eie boompies waarmee ek nog rustige tye deurbring.

Groete,

Frik Strydom

Hi Jaco

Ja dankie verseker.

Ek is nie huidiglik in die klub nie maar sal verseker eendag weer aansluit. Met die nuusbriewe kan ek darem nog volg wat in die klub gebeur.

Groete,

Kobus van der Merwe

Vergadering van 5 Mei 2018

Vergadering van 5 Mei 2018: Mini-uitstalling

Links: Louis het hierdie Kei appel in 2007 begin van ’n kwekery plantjie in ’n swart sakkie. Die plant was erg verwaarloos.
Bo: Christa het hierdie “Ivy” al so twaalf jaar. Die potjie het sy in Japan gekoop by toe sy na die wêreld konvensie was.

Regs: Hierdie is ’n Ouhout (Leucosidea sericea) wat Louis in 2007 begin het. Hy het nog nooit die boom bedraad nie.
Onder: Erika se bekende “Maple” waaraan sy nou al 21 jaar werk. Sy het die boom verlede jaar na ’n nuwe pot geplant en die boom het homself al klaar weer uit die pot begin druk.

Vergadering van 5 Mei 2018: Mini-uitstalling

Bo: Hierdie is ’n Rooi-ivoor waaraan Louis al so 10 jaar werk. Dit was ’n kwekeryplantjie in ’n swart sakkie.

Regs: Pieter het hierdie Natal vytjie so agt jaar gelede op die rots geplant. Hy sê dat dit lyk of die stam waar hy aan die rots raak ook aan die rots vasgegroei het.

Ver links: Org het die Olien by Rustenburg gegrawe en skat die boom is so 20 jaar oud.

Links: Louis het hierdie Buxus Macowanii sedert 2007. Hy het die boom by ’n kwekery in ’n swart sakkie gekoop.

Vergadering van 5 Mei 2018

'Tip of the month' - Deur Kobus Erwee

Die uitdrukking op my gesig (onder) wat ek verlede jaar gekry het toe Org my sê ek moet wenk van die maand doen

Hoe kan ek my bonsai tegnieke verbeter ?

Word dikvellig.

Vervolg op bl 9

Vergadering van 5 Mei 2018

Woon die vergaderings by, selfs wanneer dit nie by die Kai is nie.
Moenie bang wees om vrae te vra nie.
Bring bome om aan te werk na die vergaderings.
Woon werkswinkels by.
Woon BRAT-dae by.
Lees die nuusbriewe van ons klub en ook ander klubs.
Doen die beginnerskursus.
Moenie bang wees om self iets te probeer nie.
Oefen tegnieke; probeer om nie te veel tegnieke op ’n slag te bemeester nie.
Leer om geduldig te wees.
Steel met die oog.
Wees oorspronklik wanneer jy jou boom styleer.
Oefen bedrading, bedraad sommer die buurman se boom in sy tuin.
Leer uit ander se ondervinding.
Deel jou ondervinding met ander.
Kry ’n naamplaatjie sodat klublede jou kan leer ken.
Raak betrokke. Help skou, BRAT en vergaderingslokale voorberei al het jy nie bome wat jy skou nie.
Woon sosiale geleenthede by.
Woon ander klubs se uitstallings/skoue by. Hulle is nie ons vyande nie. Hulle is mede bonsai liefhebbers.

NB - GENIET WAT JY DOEN

So tussendeur, en as ekstra ‘tips’, het Kobus gewys hoe om draad reguit te maak. Vat altwee kante stewig vas met ’n tang en gee ’n harde pluk. Siedaar, die draad is reguit.

Om jou draad netjies in rorreltjies op te rol, gebruik ’n bottel en draai die draad daarom.
Foto links.

As jy by die werkswinkel steggies wil vat, bring ’n houer met ’n deksel, sit water in en wanneer jy die steggie vat, sit hom dadelik in die bottel met die prop op. Hy droog dan nie uit voor jy by die huis is nie. ♣

Meeting of 5 May 2018

The theme of the meeting was the Formal Upright or Straight Trunk Style—Chokkan and was presented by **Johan Nel**.

Johan's presentation (edited to fit the newsletter) is shown below.

Formal Upright or Straight Trunk Style—Chokkan

"Creating a bonsai begins with the formal upright and ends with the formal upright."

Meeting of 5 May 2018

Introduction

When one thinks of upright trees, one thinks of Pines, Cedars and Conifers, a few deciduous trees, such as Baobab with its impressive trunk and the traditional Broom could be classified under this style. However, these two styles, despite their formal trunks, are not examples of the classic Chokkan style. As the style dictates, the trunk must be perfectly straight and no or very little movement is allowed in the trunk line. The style originated in the Northern hemisphere. It is necessary for the novice to learn the basic structure and shape of the formal upright style before moving

Root base

The surface roots should spread out evenly around the trunk. They should not grow straight towards the front only. The roots should spread out around the trunk to create an impression of stability. Also avoid an Octopus-like root system as it will mar the beauty of the tree. To correct the problem, flatten the roots if at all possible and pin them down with wire.



Meeting of 5 May 2018

Trunk shapes



The straight trunk is the dominant feature of the style, and should create a sense of strength and stability. No or very little movement is allowed in the trunk line. Movement is created by the placement of the branches.

The trunk tapers from the base to the apex, and the apex may lean slightly to the front.

The height of the tree is approximately six to eight times the diameter of the trunk.

A heavy trunk conveys a sense of strength and dominance.

Branch placement



Viewed from above, the branches should give the impression of being grouped in layers of three. Branches should not be placed directly above one another to allow as much sunlight as possible. (Think of a Mercedes Benz badge, or a spiralling staircase.)

The number one branch usually occupies the greatest portion of the container. The number one and number 3 branches as shown in the sketch, should be trained to grow diagonally in the container, otherwise the composition will look flat and unattractive. The three main branches point towards the corners of the pot.

Meeting of 5 May 2018

Upright Styles

Young formal upright trees

Note that the main branches grow horizontally but the branches above them incline progressively as they approach the apex.



Thin trunk tree

Keep the branches short to accentuate the thin trunk. Because the elegant appearance of the thin trunk, the tree could also be trained into the literati or free style.

Old formal upright tree

The branches are forced downwards owing to the weight of snow or their own length.

Double-trunk formal upright

The two trunks of the double trunk or Sokan, share the same root base and form a harmonious unit. Formal upright trees are normally planted in rectangular containers as these complement the formal style.

Closed umbrella style

The branches are trained straight down like a folded umbrella to create this elegant effect. The rectangular container without an outer lip rounds of the composition.

Meeting of 5 May 2018

Formal upright tree with jins and sharis

The bark has been partially peeled off to create the effect of a tree suffering harsh conditions. A deep oval container is selected to capture the movement created by the jins.



Triple-trunk formal upright

This magnificent deodar tree stands in front of the well-known Melrose House in Pretoria. It is an excellent example of a multiple trunk. A deep rectangular container lends stability to the composition.

A tree struck by lightning

The trunk and apex are scarred to create the impression of a dead tree. Keep the remaining branches sparse to portray the effects of a harsh environment. An oval container, the height of which should be approximately half the length of the length of the trunk, accentuates the height of the tree.

Hollow-trunk formal upright

Hollow trunks often occur in nature and this feature heightens the dramatic effect of this formal upright tree. A deep rectangular container with inclined corners emphasises the dramatic effect of the tree.

Meeting of 5 May 2018

Umbrella crown



Branches growing towards the apex are kept close together like an umbrella. This style suggests a tree growing at high altitudes. Then tree is placed on the right side of the container to allow movement of the third main branch on the left. A shallow rectangular container with sharp corners captures the mood of the wide crown.

Wide branches

Wide branches normally complement a short thick trunk. A deep sturdy container ads to the feeling of strength and stability

Another tree struck by lightning



As previously discussed, another possibility of such a style

The effect of strong winds



The top is jinned to suggest an old tree. A new branch has taken over to form a double trunk. A long shallow rectangular container emphasises the striking lines of the tree.

Meeting of 5 May 2018

Deciduous conifers

The bald or Swamp Cypress (Taxodium distichum) and the European Larch (Larix decidua) are the only true deciduous conifer species which can be trained in the formal upright style. An oval container is selected to highlight the feminine mood of the tree.



Baobab shape

Although the branch structure of the baobab tree is informal, it may be classified as a formal upright style because of its prodigious formal trunk.

Broom shape

The single formal upright trunk tapers towards the apex to form the formal broom style. The Celtis, Elm and Zelkova species are ideal for this style.

Candle-flame shape

The candle-flame shape, as found in nature among Ginkgos, Liquidambars, Alders and Beech species, may be classified as a formal upright style

Meeting of 5 May 2018

Containers

Oval and rectangular containers complement most of the formal upright styles. Tall, thin trunks look elegant in shallow containers

Thick trunks need deep containers to heighten the effect of stability.

The length of the container is normally equal to two-thirds of the height of the tree, while the depth of the container is approximately equal to the diameter of the trunk.



Plant material

Evergreen plant material and especially the needle species such as the various Pines, Cedars, Conifers, Yews Picea and Podocarpus (yellow woods) are regarded as the best material for creating the formal upright style.

Others are Giant Redwoods (Sequoia gigantean) Celtis, Zelkova, Alders, Ginkgos, Liquidambars, Beech, Elm and Baobab.

However, I learned that one should not always follow these as the only plant material to use but to push the boundaries and experiment, that is the true pleasure of our Art form, and to better ourselves and Bonsai as a whole.

Meeting of 5 May 2018

References

- Bonsai styles of the World: 1st edition 1999 - Charles Ceronio
- www.bonsai-bci.com
- www.Fi.pining.com
- www.Fi.yting.com
- www.dc pages.com

Na die vergadering het ’n paar lede aan bome gewerk om hulle in die formele styl te styl. Die fotograaf het ongelukkig vergeet om foto’s te neem.

♣

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkelbome

Die tema van die vergadering van 5 April 2014 was die gebruik van die Boerboon as bonsai. Prof Gareth Bath het dit aangebied en ’n baie interessante en insiggewende klomp inligting oor die Boerboon verskaf.

As deel van die vergadering het Org aan twee Karoo Boerboon (Schotia afra) bome gewerk. Org het die bome na ’n baie basiese raamwerk gesnoei. Onder is een van die bome waaraan Org gewerk het. Links voor Org begin werk het en regs die basiese raamwerk van die boom. Die foto’s is in die tweede uitgawe 2014 van Koeda geplaas.

Onder is dieselfde boom soos hy lyk op 15 April 2018, dus vier jaar later. Die boom het, soos gesien kan word, baie sterk gegroei en herstel na die harde aanvanklike snoeiwerk. Org gaan binnekort begin om fyner stylering te doen.

Vergadering van 2 Junie 2018

'Tip of the month' - Deur Louis vd Walt

Foto's en verslag verskaf deur Louis vd Walt en Louis van Wyk

TITEL: Potruiling en "stoor" van jou bome

1. Potruiling

Dit gebeur soms dat jy 'n boom wil uitstal of skou, maar dit is nog in 'n groeipot en jy het nie 'n geskikte bonsai pot beskikbaar nie. Die oplossing is om 'n boom te soek wat in 'n bonsia pot is wat geskik is en dan die ruiling te doen. Enigste vereiste is dat die twee bome naasteby ewe groot is veral die "wortelkoek".

Jou uitstalboom kan dan mooi gemaak word vir die geleentheid.

Die ander boom kry dan weer die geleentheid om 'n tyd lank in 'n groeipot te floreer tot sy VOORDEEL.

Boom vir uitstalling

Boom met geskikte pot

Bome na die ruiltransaksie

Vervolg op bl 21

Vergadering van 2 Junie 2018

2. “Stoor” van bome

My ondervinding het gewys dat bome baie gelukkig en gesond is in potte wat groter is as die sg skoupotte. Vir lang periodes is dit beter om die boom ‘gemaklik’ en gekukkig te hou. Slegs vir die periode van die skou of uitstalling ‘trek jy hom mooi aan’ en plant hom in ’n geskikte bonsai pot wat eintlik ‘ongemaklik’ is. Na die skou of uitstalling wil hy graag weer na sy gemakliker permanente huis terugkeer. Dit is ’n basiese begunsel wat ook in Japan toegepas word. Ek sou sê hierdie beginsel is veral van toepassing op bome wat nog ’n ontwikkelingspad het om te loop. Klaar ontwikkelde bome kan permanent in sy uitstalpot ‘woon’ en van tyd tot tyd wortelsnoei ondergaan.

Die tema van die vergadering: Antony en Mavourneen Smith het ons gewys hoe hulle by Willow Bonsai potte vervaardig.

How Willow Pots are made

Willow Bonsai

Op die volgende bladsye is ’n kombinasie van die ‘presentation’ wat Antony gewys het asook notas en foto’s wat deur Louis van Wyk verskaf is. Die aanbieding se foto’s moes baie verklein word en daarom is die kwaliteit redelik swak.

Vergadering van 2 Junie 2018

What are the steps to making a pot?

1. Casting
2. Drying
3. Leveling
4. Working off
5. Sponging
6. 1st Firing – Bisque
7. Waxing
8. Glazing
9. Working off glaze
10. 2nd Firing - Glaze

Antony het eers oor die vorms gesels: Die maak daarvan en die uitdagings. Onder andere dat jou pot so 10-15% kleiner gaan wees as die voorbeeld waarvan jy dit maak.
Toe het hy klei aangemaak tot so 'n slap dik sous en die twee vorms volgegooi. Die idee is dat die gips van die vog uit die klei teen die wand trek en dan die wand laat uitdroog, sodat jy die res van die klei kan uitgooi en dit los dan 'n laag teen die wand van die vorm. Die los jy weer 'n ruk totdat daar genoeg vog ontrek is om los te kom uit die vorm.

1. Casting

2. Drying

Vergadering van 2 Junie 2018

Jy het dan 'n baie sagte pot wat jy kan afwerk en 'n gat insit. Dit word glad en gelyk gesny en met 'n nat spons glad gemaak en gelos om droog genoeg te wees om te hanteer. Dis baie bros.

3. Leveling

4. Working off

5. Sponging

Dan word dit vir die eerste keer in die oond gesit en tot so 900°C gebak. Die resultaat is steeds bros en dit word dan in die kleursel gedoop. Die dele wat nie glasuur moet kry nie, word met waks bedek.

6. 1st Firing - Bisque

Bisque firing temperature 900°C

7. Waxing

8. Glazing

9. Working off glaze

Vergadering van 2 Junie 2018

Dan word dit finaal gebak teen 'n baie hoër hitte. Antony toets die kwaliteit van die pot deur te luister na die klank as jy dit tik. Dit moet soos 'n klok lui en nie 'n dowwe geluid gee nie.

Daar is baie skoolgeld betaal in die temperatuur, die plasing van die potte in die oond, ens en dinge is glad nie so maklik soos dit lyk nie.

Anthony het sy nuwe webtuiste bekend gestel www.willowbonsaishop.co.za waar mens aanlyn potte kan bestel.

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Julie en Augustus?

Hierdie twee maande verteenwoordig middel- en laat-winter. Dit impliseer dat ons boompies hulle nog in 'n dormante stadium bevind. Water moet matig toegedien word - ons wil slegs die grond klam hou. Moet verkieslik nie na sononder natmaak nie. Geen bemesting word nou gegee nie. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël. Dit is nou die tyd om jou boompies te evalueer en aantekeninge te maak van wat jy met elke boompie beplan wanneer die groeiseisoen aanbreek. Boompies wat begin bot moet herpot word voordat blare ontwikkel. Gebruik ook hierdie tyd om jou gereedskap skoon te maak en te olie, maak leë potte skoon, berei jou grondmengsel voor en lees 'n paar bonsai boeke en tydskrifte.

Francois van As

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?
Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Julie	20	5	10	1	0-5mm
Augustus	22	8	10	2	0-5mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

An expert is a person who has made all the mistakes which can be made, in a narrow field.

Niels Bohr

Snippets

OUR ENVIRONMENT

Making the shift towards an environmentally-friendly lifestyle can help improve your health and life overall, and it's also a major boost to the world around you.

When giving a gift, consider a greener alternative such as making your own present, or offering some of your time and skills to do a favour for your friend or loved one. You can also use environmentally-friendly companies to buy unique presents from.

Inspirasie uit die natuur

Een van die riglyne wat daar is vir die verhouding tussen stam en hoogte van 'n boom is dat die boom se hoogte so 6 tot 12 keer die dikte van die stam is.

Hier is 'n boom in die natuur deur my vrou, Corné, afgeneem wat glad nie aan die 'riglyn' voldoen nie. Sal so 'n boom as bonsai werk?

REKLAME

ROBINSON & KRUGER

PROKUREURS / ATTORNEYS

SINCE 1995

BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM 'N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN 'N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY "JA" ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.